Ges. 87: 1, 2. (121) **Werk!** Kid. | Ank. 12 Nov. '61
" 62: 3 (277)
" 75: 1, 4 (240) Spr. 6: 1-11

Spr. 6: 6 – Gaan na die mier, luiaard, kyk na sy weë en word wys.

Inl: Wie van julle het al op julle hurke gaan sit en kyk wat miere doen? Wat sien julle?

1) Hulle werk
2) Hulle werk saam

I Die Opdrag van God a.d. Mens: Werk (dieselfde)

1) Waar eerste maal gegee? – Net na sondeval
2) Waarom God dit gegee? – Om mens te bewaar van luiheid, leeglê, steel, ens.
3) Wie die groot vb. gestel? – J.C.

→ Noodsaak van werk: „ledigheid d. duiwel se oorkussing" – Gevaar v. leeglê, niksdoen, heeldag in swembad, rondry, fliek flankeer.

Werk want d. nag kom nader
Werk in d. vroeë dag
Werk terwyl d. dou nog glinster
In d. blommeprag

II Die Vorms van Werk: (Vb. miere)

Watter soort werk verwag God van ons?

1) Handewerk: alle soorte handewerk — hou liggaam gesond — maak jou bedrewe — Kom naby aan aarde — leer jou d. eerbaarheid v. handewerk.
(Jesus & sy werk in Josef se winkel).
Paulus & tentmaker
Petrus as visserman)

→ Ons seuns & dogters & handewerk: allerlei uitdraaide idees

2) Kopwerk: Studeer — lees — leer — inneem.

3) Hartewerk: Dig – sing – skilder
Br. Kinderkoor

4) Sielewerk: Bybelles & bid = gesels met ander oor d. Here Jesus, oor d. Bybel, oor die hemel en die hel, oor d. lewe na d. dood

Neem my hande, maak hul sterk!
Laat u liefde my dring tot werk!
Neem my voete, skoei hul, Heer,
met bereidheid tot u eer!
Neem my stem en laat my sing
U, my Koning, hulde bring!
Laat my mond, deur u genade,
steeds die blye boodskap dra!

III Die Maniere van Werk:

1) Heelhartig: waarom so belangrik —
a) As ek heelhartig werk is my werk deeglik (Vb. Slordige skrif)
b) As ek heelhartig werk is my werk maklik
c) . . . . . . . . . . . . 'n plesier

2) Eerlik

3) Eendragtig (Vb. miere)

## IV Die Einddoel:

1). Om my hemelse Vader se hart te verbly

2) Om my hemelse Vader se ryk uit te brei

3) Om my hemelse Vader se Kinders op aarde te help

~~Hoe doen ek dit?~~

Deur: a) Ons Dankfees

b) Ons danklewe: Kol. 3:23